28 April 2020

## Kastele

Inhoud:

Video clip waar onderwyser die leesstuk aan leerders voorlees.

Koning Midas, bl 58.

**Bespreek wat Griekse mitologie beteken.** **M**ITES en legendes is tradisionele vertellings van onbekende oorsprong wat uit die vroegste tye aan latere geslagte oorgedra is. Grieke het geglo daar is gode wat hul beskerm.
Só het die ou Grieke geglo dat die donder en weerlig 'n uiting was van die ontevredenheid van die groot god Zeus, wat op die berg Olympus (ook Olimpus gespel) geheers het. Zeus is deur mindere gode en godinne omring, wat verskeie fases van die natuur en die bedrywighede van die mens beheer het.
Verduidelik wat hebsug en gierigheid is:

**Die volgende is eienskappe van gierige mense:**

- Gierige mense praat baie oor geld en is altyd bekommerd oor geld.
- Hulle is nie blymoedige gewers nie.
- Hulle deel nie graag nie.
- Hulle kibbel oor 'n onbenullige bedrag geld.
- Hulle skep 'n atmosfeer ban geheimsinnigheid rondom hulle.
- Hulle herinner jou altyd aan wat hulle vir jou gedoen het.
- Hulle sê moeilik dankie.
- Hulle is nie tevrede met wat hulle het nie.
- Belangrik is om te besef jy kry gierige ryk mense en gierige arm mense.
- Gierigheid is nie 'n finansiële probleem nie, dit is 'n hartsprobleem.
- Finansiële wins of verlies verander niks nie, want gierigheid kom uit die hart.

Die doel van die les is om te kommunikeer oor 'n spesifieke tema. Ouer/ Voog sal hierdie proses moet lei.

**Aktiwiteit:**
Leerders gaan sekere vrae moet beantwoord deur daaroor te gesels. Daar is geen reg of verkeerde antwoorde nie, ons doel is om kommunikasie en praat aan te moedig.
Gesels oor die volgende:

1. Deur te luister na die titel van die leesttuk, waaroor dink jy handel die verhaal.
2. Wat dink jy is die eerste ding wat jy sal doen as jy in 'n kasteel kan bly?
3. Wat dink jy sal Koning Midas heeldag kon doen as jy onder "lockdown" was?

Ouer lees weer die storie van Koning Midasof speel weer die videoclip.

Leerder doen dan die meerkeuse vrae wat volg:

1. Koning Midas was:
   a) Gulsig
   b) Vrygewig
   c) Liefdevol
2. Hoeveel wense het Koning Midas gekry?
   a) Drie
   b) Vyf
   c) Een
3. Watter les het Koning Midas geleer?
   a) Om selfsugtig te wees is goed.
   b) Om jou diere mooi te versorg
   c) Dat gierigheid en hebsug verkeerd is.

29 April 2020

**Lees met begrip: Teks 2: Inligtingsteks,bl. 55-56**

**Doel van les:** Om leerder se vaardigheid te toets i.v.m hoe goed verstaan hy/sy wat hulle lees.

**Inhoud:**Gaan die vrae met leerders deur.
Videosnit

**Aktiwiteit:** Leerders beantwoord vrae 1-9 van Post-lees: Verstaan die teks, bl. 56

Leerder doen dan die meerkeuse vrae wat volg:

1. Die Kasteel die Goede Hoop is:
   a) Die oudste kastee in Suid-Afrika
   b) 300jaar oud
   c) Die jongste kasteel ter wêreld
2. Wie was die persoon verantwoordelik vir die bou van die kasteel in Kaapstad?
   a) Simon van der Stel
   b) Nelson Mandela
   c) Jan van Riebeeck
3. Waarom dink jy moes daar wagte by die valbrug staan?
   a) Om die gaste te verwelkom.
   b) Om die valbrug skoon te hou
   c) Om ongewenste mense te keer om die kasteek binne te gaan.

30 April 2020

Taalstrukture: Deelwoorde,bl. 57

Doel van les: Om leerders in te lig oor die morfologie agter deelwoorde en die gebruik daarvan.

Inhoud: Videosnit

Wat is deelwoorde?

- Dit is woorde wat van werkwoorde afgelei word.
- Ons leen dit as te waarde die werkwoord in die sin om 'n deelwoord te gebruik.
- Daar is twee tipes deelwoorde:
  - Teenwoordige deelwoorde
  - Verlede deelwoorde

1. Teenwoordige deelwoorde: Hier sit ons 'n *-ende* aan die einde van die werkwoord om dit 'n **byvoeglike naamwoord** (woord wat die selfstandige nw.beskryf) te maak.
   Bv. Gewone sin sal wees:
   Die perde **klap** hul pote op die grond.
   Klap hier in die sin is die werkwoord. ( woord wat jy kan **doen**)

   - Nou **deel** die sin hierbo sy werkwoord met die volgende sin om dit 'n byvoeglike naamwoord te maak.
     Bv. Die sin verander nou na: Die klap**p**(*ende)* perdepote maak 'n groot geraas op die pad.
   - Die woord klappende kry nou **twee p's**, omdat die vokaal 'n kort klank is.
2. Verlede deelwoorde: Hier sit ons 'n ge- vooraan of 'n -de/-te agter die werkwoord te sit wat reeds gedoen is(verlede tyd). So word die werkwoord weereens 'n byvoeglike naamwoord.
   Bv. Gewone sin sal wees:
   Die kasteel is **gebou.**
   **Gebou** hier is die werkwoord. (woord wat gedoen is)

   - Nou **deel** die sin hierbo sy werkwoord met die sin om dit 'n byvoeglike naamwoord te maak.
     Bv. Die sin verander nou na: Die *ge*boude kasteel is baie oud.

**Aktiwiteit:**

- Nommer 2-5,bl. 58

Leerder doen dan die meerkeuse vrae wat volg:

Verander die volgende woord in 'n teenwoordige deelwoord:

**sit**

a) sittende
b) gesit
c) sal sit

**skreeu**

a) Geskree
b) verskree
c) skreeuende

**huil**

a) tjank
b) kerm
c) huilende

1 Mei 2020

Skeppende Kuns dag!